

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Petersen (307/2012) [2012] ZAFSHC 202 (1 November 2012)

[2012] ZAFSHC 202

COURT

Free State High Court, Bloemfontein

BEFORE

Van der Merwe, R, Kruger, R

CASE / FILE NUMBER

307/2012

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Hersiening Nr: 307/2012

In die saak tussen:-

DIE STAAT

en

EMMANUEL PETERSEN

CORAM: KRUGER, R et VAN DER MERWE, R

UITSPRAAK DEUR: VAN DER MERWE, R

GELEWER OP: 1 NOVEMBER 2012

- [1] Die beskuldigde, 'n 18-jarige man, is in die Landdroshof skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal (aanklag 1), besit van 'n 9-mm semi-automatiese pistool sonder 'n lisensie (aanklag 2) en besit van 3 patrone vir daardie pistool (aanklag 3). Hy is op aanklag 1 gevonnissen tot 2 jaar gevangenisstraf, op aanklag 2 tot 4 jaar gevangenisstraf en op aanklag 3 tot 1 jaar gevangenisstraf. Die effektiewe vonnis is dus 7 jaar gevangenisstraf.

- [2] Dit blyk dat die beskuldigde by 'n woning ingebreek het en klerasie en huishoudelike goedere ter waarde van ongeveer R25 000,00 gesteel het. Sommige van die items is teruggekry maar dit is onduidelik welke presies dit is. Een van die goedere wat tydens die inbraak gesteel is, is die 9-mm pistool bevattende 'n magasyn met drie patrone. Die beskuldigde was vir hoogstens 14 dae in besit van die pistool en ammunisie en was tydens sy arrestasie in die proses om dit te probeer verkoop.
- [3] Die beskuldigde was 17 jaar oud ten tye van die pleging van die misdrywe, het skuldig gepleit en is 'n eerste oortreder. Die beskuldigde is buite die huwelik gebore en sy moeder het gesterf toe hy maar 11 dae oud was. Hy het nooit enige kontak met sy biologiese vader gehad nie en het dus by sy materne grootouers grootgeword.
- [4] Die beskuldigde het ongetwyfeld ernstige misdrywe gepleeg. Die proefbeampte wat sy omstandighede ondersoek het, het in 'n voorvonnisverslag aanbeveel dat direkte gevangenisstraf opgelê word vanweë die beskuldigde se gebrek aan dissipline. Hiermee kan nie fout gevind word nie, so ook nie met die individuele vonnisse wat opgelê is nie. Die kumulatiewe effek van die opgelegde vonnisse is egter na my oordeel in al die omstandighede van hierdie saak buitensporig swaar en moet getemper word deur 'n bevel dat al die vonnisse samelopend uitgedien word.
- [5] Gevolglik word die skuldigbevindings en vonnisse gekragtig maar word gelas dat al drie vonnisse met effek vanaf 8 Augustus 2012 samelopend uitgedien word.

C.H.G. VAN DER MERWE, R

Ek stem saam.

A. KRUGER, R

/EB

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAFSHC/2012/202.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-petersen-unknown-topic-afshc-2012>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria